**OOREENKOMS VAN DONASIE**
**AANGEGAAN TUSSEN:**

**EDUCATION EXPERT ACADEMY**

**(Hierin verwys as: 'Die voorsiener")**

met geregistreerde besigheidsadres:

Lanyonstreet 17, Potchefstroom

Hierin verteenwoordig deur:

Hendrik Johannes Steyn
(Voorsitter: Direksie)

**EN**

________________________________________

(Hierin verwys as: 'die Donateur')

met geregistreerde besigheidsadres:

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Hierin verteenwoordig deur:

________________________________________

________________________________________

## 1 WOORD DEFINISIES EN VERKLARING

In hierdie ooreenkoms sal aan die volgende woorde en terme die volgende betekenis gegee word:

| | |
|---|---|
| **'Die voorsiener'** | *Education Expert Academy is 'n privaat maatskappy (Reg, no 2006/025144/07; VAT no 4320229075) met die visie om haalbare, volhoubare en bekostigbare kwaliteit onderwys te ondersteun met elektronies-mobiele onderrigleer as nis.* |
| **'Partye':** | *The partye in hierdie ooreenkoms soos beskryf in die aanhef van hierdie ooreenkoms.* |
| **'Ontvanger(s)'** | *Die groepe wat deur die Donateur genomineer word en waar die eCindi program deur die Voorsiener afgelewer sal word.* |
| **'Die produk'** | *Die eCindi-program is 'n graad R-kleuterprogram in digitale formaa,t insluitende DBS'e (digitale boekskyf) en basiese leermateriaal.* |
| **'Aflewering'** | *Die installering/implementering van die produk by plek van besigheid van die Ontvanger. .* |
| **'Afleweringsadres'** | *Die fisiese adres van die Ontvanger(s) waar die produk afgelewer sal word.* |

Die partye kom ooreen dat verwysing na die enkelvoud ook die meervoud insluit en vice versa en dat enige verwysing na manlik ook die vroulike insluit en vice versa.

Wanneer getalle geïnterpreteer word deur middel van 'n syfer sowel as in woorde, kom die partye ooreen om die woordbeskrywing te gebruik.

## 1 THE DONASIE

Om die ooreengekome groep(e) van die eCindi-program van Education Expert te befonds, onderneem die Donateur om jaarliks 'n bedrag aan Education Expert te skenk. Die skenking sal of een keer per jaar, of in twee paaiemente per jaar of in maandelikse paaiemente gemaak word (Skedule 1 word jaarliks deur die donateur ingevul).

Die voorsiener onderneem om die donasie by die ontvanger se afleweringsadres, soos aangetoon in Skedule 2, te implementeer. Die name van die Ontvangers sal binne 30 dae na die ondertekening van hierdie ooreenkoms deur die Donateur en die Voorsiener ooreengekom word (uitsonderings mag voorkom).

## 2 Oordrag van donasie

Die donasie sal in die volgende bankrekening betaal word:

| | |
|---|---|
| Bank: | ABSA |
| Takkode: | 630-238 |
| Rekeningnaam: | Education Expert |
| Rekeningnommer: | 406 663 5984 |
| Verwysing: | (maatskappy naam) |

Die voltooide kontrak sowel as die bevestiging van die deposito moet na (018) 290 8007 of (018) 290 9861 gefaks word, vir kennisname: HJ Steyn of daar moet per e-pos na hjsteyn@educationexpert.co.za kennis gegee word.

**3 AFLEWERING VAN DIE PRODUK**

- Die Voorsiener sal ontvangs van die donasie binne 48 uur erken.
- Die program sal binne 25 werksdae by die adres van die Ontvanger(s), soos aangedui in Skedule 2, afgelewer word.
- Bevestiging van aflewering sal aan die Donateur gegee word deur middel van ‘n faks by ....................................

**4 INHOUD VAN eCINDI EN AFLEWERINGSVOORWAARDES**

Die Donateur bevestig dat hy homself van die standaard, inhoud en prys van eCindi vergewis het sowel as van die standaard prosedures van Education Expert Academy, waarvan ’n kopié as Skedule 1 aangeheg word.

**5 AMMENDMENTE EN KANSELERING VAN HIERDIE OOREENKOMS**

5.1 Die partye kom ooreen dat geen konsessie van een party aan die ander geag sal word as afstanddoening van enige regte van die partye in terme van hierdie ooreenkoms.

5.2 Die partye kom verder ooreen dat hierdie geskrewe ooreenkoms die volledige ooreenkoms verteenwoordig en daarom as enigste bron van inligting dien ten opsigte van die ooreenkoms tussen hulle. Geen verteenwoordiging, waarborg of enige ander voorsiening wat nie hier ingesluit is nie, sal bindend wees op die tersaaklike partye nie.

5.3 Geen amendement insake die ooreenkoms of ten opsigte van die kanselering van hierdie ooreenkoms, sal bindend wees, behalwe indien sodanige amendement of kansellasie skriftelik is en deur beide partye onderteken is.

5.4 Hierdie ooreenkoms kan, met opgaaf van redes, deur enige van die partye gekanselleer word aan die einde van ‘n kalender jaar.

5.5 Indien die Voorsiener nie die afleweringsvoorwaardes nakom nie, sal die Donateur op ‘n volledige terugbetaling van die donasie geregtig wees.

**6 JURISDIKSIE**

In terme van Afdeling 45 of the Landdroshofwet, Wet 32 of 1944, soos gewysig, stem die partye in tot die jurisdiksie van die Landdroshof.

**7 ARBITRASIE**

7.1 Die partye kom ooreen om enige dispuut uit hierdie ooreenkoms deur arbitrasie te besleg.

7.2 Indien enige dispuut nie binne 10 (tien) dae op versoek van enige van die partye opgelos word nie, mag die verontregte party ‘n onafhanklike arbiter nader.

7.3 Die arbiter moet ‘n prokureur of advokaat met ten minste 5 jaar ervaring wees.

7.4 Arbitrasie-verrigtinge sal in Potchefstroom of Johannesburg, soos deur die verontregte party verkies, volgens die reëls van die “Arbitration Foundation of Southern Africa” verloop.

7.5 Die beslissing van die Arbiter sal finaal wees.

**8 *DOMICILIA CITANDI ET EXECUTANDI***

Die Partye tot hierdie ooreenkoms, kies die adresse in die aanhef van hierdie ooreenkoms as hul respektiewelike *domicilia citandi et executandi* vir die doel van aflewering van enige kennisgewing. Die partye mag hierdie adresse wysig deur middel van 'n behoorlike geskrewe kennisgewing aan die ander Party en die kennisgewing moet aan die ander Party by wyse van geregistreerde pos afgelewer word.

**SODANING BEVESTIG EN GETEKEN op hierdie** ________ dag van ___________________200__

| | |
|---|---|
| _________________ | _________________ |
| (pp) Donateur | Getuie |
| | _________________ |
| | Getuie |
| _________________ | _________________ |
| (pp) Die Voorsiener | Getuie |
| | _________________ |
| | Getuie |

**SKEDULE 1**

**JAARLIKSE PAAIEMENT**

Die bydrae van elke jaar sal deur die donateur aan die begin van elke finanisiële jaar ingevul word.

| Jaar | Donasie | Bedrag in woorde |
|---|---|---|
| 2008 | R | Rand |
| 2009 | R | Rand |
| 2010 | R | Rand |
| 2011 | R | Rand |
| 2012 | R | Rand |

Merk (aan die begin van elke finansiële jaar) die wyse van betaling.

| Jaar | Een paaiement per jaar | Twee paaiemente per jaar | Twaalf paaiemente per jaar |
|---|---|---|---|
| 2008 | | | |
| 2009 | | | |
| 2010 | | | |
| 2011 | | | |
| 2012 | | | |

**SKEDULE 2**

**ONTVANGERS VAN DONASIE**

Die Voorsiener kom ooreen om die donasie van die Donateur te gebruik om die eCindi-program by die afleweringsadres van die volgende Ontvanger(s) af te lewer. Die Ontvangers word deur Education Expert genomineer.

Ontvanger 1: Naam:________________________________________

Adres: ________________________________________

Ontvanger 2: Naam:________________________________________

Adres: ________________________________________

Ontvanger 3: Naam:________________________________________

Adres: ________________________________________

Ontvanger 4: Naam:________________________________________

Adres: ________________________________________

Ontvanger 5: Naam:________________________________________

Adres: ________________________________________

................................................

HJ Steyn

Voorsitter: Direksie

...............................................

Datum

**SKEDULE 3**

**STANDAARD-PROSEDURES TEN OPSIGTE VAN FUNKSIONERING VAN DIE eCINDI-PROGRAM**

**1 Verantwoordelikheid van Education Expert**

Die eCindi-program moet ooreenkomstig die volgende voorwaardes afgelewer word:

a) Die program moet vir 4 lesse/dag, 5 dae/week en 32 weke/jaar afgelewer word.

b) Die program moet in DBS-formaat afgelewer word en voldoen aan die uitkomste van Graad R van die HNKS (Hersiene Nasionale Kurrikulumstellings).

c) Die ondersteuning om die dagsorggroep/creche/ privaat kleuterskool te ontwikkel tot ‘n volhoubare, privaat klein besigheid moet ‘n geleidelike ontwikkeling van die bevoegdhede van die versorger/hoof van die sentrum insluit. Die verwerwing van bevoegdhede, ooreenkomstig ‘n vyfjaar rollende besigheidsplan, moet minste die volgende insluit:

- Implementering van die eCindi-program insluitende fasiliteringsvaardighede.
- Verwerwing van basiese bevoegdhede oor gesonde voeding van leerders.
- Identifisering en verwysing van gesondheids- en maatskaplike probleme by leerders.
- Die verwerwing van basiese bevoegdhede om ‘n klein besigheid te bestuur, insluitende strategiese beplanning, opstel van ‘n besigheidsplan, begrotingsbeplanning en -beheer, prysbepaling en kliënteverhoudings.

‘n Besigheidsplan sal vir elke Ontvanger, volgens die unieke situasie van die sentrum, voorsien word.

**2 Betrokkenheid van die Donateur**

Die Donateur voorsien die finansiële ondersteuning en verkry ’n jaarlikse verslag vanaf Education Expert oor die funksionering van die relevante sentrum vir kleuteronderwys. Die donateur mag die sentrum op gereelde basis besoek (dit word aanbeveel) en mag bykomende ondersteuning verskaf, maar die bykomende ondersteuning mag net in konsultasie met Education Expert gedoen word. Die Donateur mag nie met die dag-tot-dag funksionering van die sentrum inmeng nie, behalwe in gevalle waar die toestemming van die dagsorger/hoof en Education Expert vooraf verkry is.

HJ Steyn

Voorsitter: Direksie

Education Expert Academy

Maart 2008